The value of bulls in commercial herds goes beyond the “relative” value typically ascribed to them in market pricing, Texas A&M AgriLife Extension Service livestock specialist Dr Joe Paschal said.



“In publications referencing cattle values for commercial producers as well as reports from beef breed associations, the value of a bull is often given as equivalent to the average value of five weaned calves. This has been a long-held comparison for determining the value of a bull, but it really does not take into account all aspects of what bulls provide to the herd.” Paschal added that the ratio of one bull to five weaned calves resulted from a relative equivalency identified as market prices fluctuated over the past several years.

“At least up until around 2010 producers paid less than 50% of the value of those five calves on a bull. Then, from 2011 until 2015, producers began to pay more, including up to 100% of the value of five calves in 2013. Then, in 2015, producers paid up to 150% of the value of five calves for one bull. When calf prices dropped in 2016, the ratio dropped back to about 115% – closer to the average value of the five calves.”

However, this ratio does not fully reflect the additional value bulls supply to the herd, Paschal said. “Bulls supply the genetics for the next generation of replacement females in most commercial herds except those strictly using terminal crossing. It should be remembered that bulls are more than just ‘cow fresheners’ as my former colleague, Dr Rick Machen, retired AgriLife Extension livestock specialist in Uvalde (Texas), was fond of saying. As such, their value goes beyond the market price for five head of calves.”

Paschal said if a bull is used for three years and the producer does not introduce any outside female replacements into the herd, that bull will then be responsible for up to 87% of the cow herd’s genes. “A lot of products and equipment are touted as being the best investment a cattle producer can make, but a good bull is the only thing that can really match that description. If you maintain a closed herd, the genes entering the cow herd will come completely from the bulls you select, and that is a huge contribution – for better or worse – to the herd’s overall genetic makeup. When you look at it from that perspective, you realise just how valuable a good bull is to a commercial cow herd.” (www.feedstuffs.com)

“Kwaliteit van geslag tot geslag.”

ETOBRA BRAHMAN

PS Gouws
 Sel (+264) 81 299 7191
 E-pos: ptr.gouws@gmail.com
 Plaas Nimmerrus 443
 Posbus 168, Outjo

ERP 11-0047
The latest addition to Etohra

August 2018 Namibian Brahman BREEDPLAN EBVS												
	Birth	200 Day	400 Day	600 Day	Mat Cow	Scrot.	Carcase	E.M.A	Rib	Rump	IMF	Docility
ERP 11-0047	+3.7	+34	+37	+44	+42	+1.1	+21	+0.8	+0.9	+1.1	+0.1	+5.3
Accuracy	93%	89%	89%	89%	78%	73%	76%	60%	72%	71%	64%	64%
Breed Ave. (2016)	+1.5	+15	+24	+30	+31	+0.7	+17	+0.3	+0.1	+0.1	+0.0	+0.9



MORE THAN JUST A BULL
IT'S AN INVESTMENT INTO YOUR HERD

”

WE AT KUPFERBERG BRAHMANS BELIEVE THAT THE ART OF BREEDING CATTLE IS ACCOMPLISHED WITH A GOOD MIX OF GENETICS, TECHNOLOGY AND PASSION FOR BRAHMANS.

WE CAREFULLY SELECT OUR STUD BULLS TO OFFER YOU SUSTAINABLE QUALITY THROUGHOUT THE YEARS.



BREEDING THE TRUE AFRICAN BRAHMAN

KUPFERBERG BRAHMANS



WE PROUDLY ANNOUNCE THAT THE OFFSPRING
OF WIL 09-247 IS FINALLY ON OFFER!!!

VISIT OUR FACEBOOK PAGE FOR PHOTOS, DATES
AND MORE INFO.

Contact Us

Farm Kupferberg, Otavi Valley

+264 81 124 3073
+264 67 231132

kubrahmans@icloud.com

facebook.com/kupferberg.brahmans

Namibiese Brahman-raadslid spreek Afrika-kongres toe

“Die uniekheid van die Brahman en sy ewe unieke eienskappe bied tesame met die wetenskap en die jongste ontwikkelings in tegnologie ’n unieke geleentheid om dié ras na nog groter hoogtes te neem. Teen hierdie agtergrond en die feit dat die toekoms in genomika lê, sal ons nuwe teelddoelwitte moet stel en dit nastreef.”

Dit is die uitdaging wat Ryno van der Merwe, lid van die Namibiese Brahmanraad, einde Augustus as ’n genooide spreker by die Afrika Brahman-kongres in Parys, Suid-Afrika, aan medetelers op die vasteland voorgehou het. “Dit is van kardinale belang dat ons deelneem aan genomiese metings om produksie, reproduksie en vleiskwaliteit te verbeter. Berekenings van genomiese teelwaardes het deure vir ons oopgemaak en gaan ’n revolusie in die internasionale vleisbedryf tot gevolg hê. Ons moet hierdie tegnologie aangryp omdat dit gegrond is op akkurate data vir moeilik meetbare eienskappe soos vleiskwaliteit, voerdoeltreffendheid, reproduksie en aanpasbaarheid.”

In sy fokus op telers se verantwoordelikheid teenoor beesvleisprodusente het hy gewys op die noodsaaklikheid om bulle te teel wat in moeilike omstandighede hul werk kan doen, veertig koeie kan dek, nie intensiewe sorg nodig het nie en ’n doeltreffende nageslag sonder gebreke kan lewer. “Kommersiële produsente besef dat



Landbouleier Ryno van der Merwe, wat in sy hoedanigheid as ’n raadslid van die Brahman Telersgenootskap in Namibië einde Augustus op uitnodiging die Afrika Brahman-kongres in Parys, Suid-Afrika toegesprek het.

hulle hul genetica moet verbeter vir verhoogde kalfpersentasies, kuddevrugbaarheid en vleisproduksie (kg per ha) om winsgewender te produseer. Daarom soek hulle waarde vir hul geld wanneer hulle Brahman-genetica koop. Dit is dus ons telers se plig om genetica aan hulle te voorsien wat ’n positiewe impak het. Ons moet deurentyd die verwagtinge en behoeftes van die kommersiële produsent in ag neem.”

Ryno het gesê hy is opgewonde oor die toekoms van die Brahmanras, maar dan moet telers gebruik maak van die nuwe geleentheid. Terselfdertyd het hy medetelers tot verantwoording geroep oor hul verantwoordelikhede teenoor die ras. “Ons moet eerlik wees in die

aantekening van data om betroubare inligting oor nageslag, prestasies en teelwaardes te waarborg. Ons moet ons stoeteling krities ontleed. Verder moet ons ons fokus wegstuur van die doelwitte en prestasies na die ras.”

Dit het die Namibiese landbouleier gebring by die rol en funksie van ’n telersgenootskap – die belangrikste rolspeler in die vooruitgang van ’n ras. Lede se verantwoordelikheid is aktiewe betrokkenheid by genootskapsake en -geleenthede en om altyd in die belang van die ras op te tree.

Verder het Ryno aandag gegee aan stygende produksiekoste en markpryse wat onder druk is en winsgewendheid al moeiliker maak. “Ons sal moet kyk na doeltreffende bestuur, reproduksie, beplanning en rekordhouding in ons pogings om volhoubare produksie na te streef.”

Uitwendige faktore wat produksie beïnvloed, het Ryno geïdentifiseer as die huidige afwesigheid in ekonomiese groei, prysstygings oor ’n wye front, ’n hoër werkloosheidsyfer en die bestebare inkomste van verbruikers wat krimp. “Daarby ervaar ons nou politieke druk op grondhervorming wat onsekerheid bring. In hierdie ongunstige ekonomiese, politieke en produksie-omstandighede sal ons positief moet bly en kyk waar ons kan verbeter. Hoe vinniger ons aanpas, hoe beter is ons kans op oorlewing.”

Six countries participated in African Brahman Congress

Brahman breeders, officials and enthusiasts met at the African Brahman Congress, held at the Afridome in Parys, Free State from 28 August to 1 September 2018. For a week Brahmans were everywhere, being dis-

cussed, evaluated and admired.

The show started on the first congress day with the non-halter trained division, where about 148 animals were exhibited by 27 breeders. Grey and Red animals were exhibited separately. The halter trained show followed the next two days and around 425 animals were exhibited by 47 breeders representative of all provinces in the RSA.

Every day during lunch hour, attendees could listen to technical talks, presented by a host of experts in different but relevant fields. Opening and welcome messages were delivered by Adv De Waal Nigrini, who acted as the convener of the Congress, assisted by his appointed committee.

The ABC congress and national show were well attended by visitors and fellow Brahman breeders from neighbouring countries Namibia, Botswana, Zimbabwe and Zambia.

Keynote speakers at the gala dinner, attended by 275 people, were chief justice Mogoeng Mogoeng from the South African Constitutional Court and Ryno van der Merwe, council member from the Namibia Brahman Breed Society.

A highlight was the National Brahman auction, attended by about 360 people. The turnover was in excess of R2,5 million for 46 animals and 150 semen straws. The highest priced bull, HJW 13-263, was sold for R200 000 and went to Rudi Lemcke from Ghanzi, Botswana. This Red Brahman bull was also the breed champion in the non-halter trained division.



The highest priced bull, HJW 13-263, which was sold for R200 000 at the African Brahman Congress auction.

OUTJO GESAMENTLIKE **Produksieveiling sê BAIE DANKIE**

AAN ALLE BORGE, TELERS EN KOPERS vir jul ondersteuning tot die sukses van die 2018 veiling.



EBBI & HEIDE FISCHER

+264 62 549 082 • +264 81 127 0019 • fisch@afol.com.na
Farm Okongeama, Hochfeld, Namibia

LED BY SCIENCE ... DRIVEN BY FUNCTIONAL EFFICIENCY

Landbouweekblad /Breedplan
Southern African Awards 2015 & 2017



Extensive
Farming +
Performance
Testing since
1993

5-star completeness of performance awarded



Hochfeld Joint Production Auction
17 October 2018
farm Okongeama



Klein begin word groot gewin vir flukse Tsumeb-boer

Die Tsumeb-boer Louis du Plessis is 'n man met visie, planne en ongelooflike werkywer. "As jy in boerdery nie 'n langtermynplan het nie, moet jy boerdery eerder groot," meen hy. Wat hy in sy elf jaar as 'n voltydse boer in die Oshivelo-omgewing vermag het, is verstommend. Op sy plaas Skakel is 1 600 van 1 700 ha deur bosuitdunning omgeskep in bruikbare boerderygrond waar groente en gras geproduseer word en sewe spilpunte aangebring is. Verder is die helfte van sy



Louis en Laurika du Plessis se besigheidsnaam, Marpe Farming, is 'n juiste opsomming van hul lewenstaak. Die woord Marpe stam uit Hebreeus en beteken restaurasie of herstel. Presies dit was Louis se visie met die verboste plase wat hy in die laat jare negentig gekoop het.

ander plaas Burnell se 3 000 ha in dieselfde tydperk met 'n vliegtuig ontbos. Hier word ook groente geplant met drie klein verskuifbare spilpunte wat elk 2,5 ha bedien. Die bees- en wildboerdery (eksoties en vlaktelwild) word op beide plase, wat met 'n hoek teen mekaar grens, bedryf. Vleisverwerking is nog 'n boerderyvertakking. Dié voormalige gesondheidsinspekteur van die Tsumeb-munisipaliteit vertel sy boerdery-vertrekpunt was nie sonder drama nie. "n Man is mos trots as jy ná jare se swoeg en sweet uiteindelik die sleutels van jou eie plaas in die hand het en die trek begin." Die dag toe sy klein aanvangskoeikudde van sowat tagtig diere in beurte van tien op 'n geleende lorry aangery is Burnell toe en die heel eerste vrag sy neus deur die plaashek stoot, glip die lorry se traliehek oop en met die wegtrekslag val 'n koei af. "Nog erger – ek ry toe oor haar kop." Wat 'n begin van 'n nuwe era vir Louis! Christine Stoman het namens AgriForum saam met Christo van Zyl van Feedmaster 'n dag saam met Louis en sy vrou, Laurika, deurgebring en die voorreg van 'n aangrypende boerderyverhaal gesmaak. Lees hiernaas.

Deurmekaarbos (masharas) en sekelbos is volop in die Tsumeb-omgewing, maar nie op die plase van Louis du Plessis nie. Hy wikkel hulle en doen dit reeds vir 22 jaar, die helfte daarvan as voltydse boer.

Dit is nie al wat hy aanpak nie. Op sy saaigrond staan swartwortels en in sy skure – ook reeds betaalde aartappels en uie gereed vir laai vir die informele mark. Daarby het hy 'n kommersiële beesboerdery (Brahman- en Braunvleis-kruisings) en sy vreugde vind hy in die eksotiese wild wat die oop ruimtes op sy grond versier.

Louis het as 'n jong man reeds begin kudde bou en vir baie jare weiveld gehuur terwyl hy gesondheidsinspekteur by die Tsumeb Munisipaliteit was. In 1995 het hy die verdienste uit sy osse en sweiswerk gebruik om 'n deposito neer te sit op plaas Burnell. In 1997 het hy die plaas Skakel bygekoop. Sy aanvangsboerdery op Burnell was 80 koeie en kalwers. Daardie tyd was die bestokking een koei op 30 ha. Vandag is dit 'n gunstige 7 ha per koei, danksy intensiewe bosuitdunning. "Ek bestok nou meer én daar bly gras oor om te brand," sê hy. Beheerde brande vorm 'n integrale deel van sy weidingbestuursplan.

"Daar was net 'n ou huisie (vandag die gaste-pondokkie), 'n 35 x Massey Ferguson-trekker, 'n tweeskaarploeg en 'n rooi Isuzu-bakkie toe ek op Burnell begin boer het. Ek het daardie rooi bakkie opgerig soos ek tamboetdroppers, wat ek op die plaas vir wildwerende heinings goeos het, gelaai het." Tong in die kies voeg Laurika by: "Daardie eerste bakkie was 'n groot verleentheid vir ons dogters wanneer ons hulle by die skool af of opgelaai het. Hy het later 'n swart bak met 'n wit klap agter gehad."



Die ou huis en die tweeskaarploeg – simbole van 'n nederige begin wat deur harde werk en vasbyt tot groot sukses gelei het.



Die boustene vir sukses

Louis du Plessis se pa was streng en het hom jonk-jonk uit die nes geskop. Dit was die beste les wat sy pa hom kon geleer het om gedrewe sy visie tot uitvoering te bring. "Die harde pad sorg vir meer suksesstories as die gladde een," meen hy. "Ons kan maar gerus streng wees met ons kinders."

Van 'n pioniersbegin in 1996 totdat hy in 2007 permanent plaas toe is en die woonhuis in 2009 klaar gebou het tot vandag het baie swoeg en sweet in die grond gegaan.

"Ek het nog nooit iemand gesien wat so hard kan werk nie," vertel Laurika, Louis se vrou. "In die beginjare was hy alleen oor naweke, want ek en die kinders was met skool en sport

doenig." Louis vertel sy kragrekening was net 20 liter paraffien in sy eerste jaar op die plaas. Hy het net een klein lampie vir lig saans gehad. Die windpomp het water gestoot en in 'n 20 liter-verfdrom het hy badwater op die oop vuur warm gemaak.

Louis se gespook met sy tweeskaar-skottelploeg waarmee hy die eerste 15 tot 20 ha gras gevestig het, was om meer diere te kan aanhou. Akkerbou het later gevolg.

"Ons kan nie meer soos in die ou tyd boer nie. Ons is nou in 'n nuwe tyd wat nuwe planne verg. Ek boer met 'n klomp produkte. As die een se prys swak is, help die inkomste van die ander."

"n Mens kan vinniger met groente vorder as met beesboerdery. Die man wat vandag dink hy kan net uit beesboerdery lewe, maak 'n fout.

Hy boer agteruit en verarm."

Louis reken dit is in landsbelang dat almal indringerbosse die stryd moet aansê en 'n ferm hand op nasorg moet hou. Tot dan sal die wattertafel nie styg nie. Die boer wat ontbos, lewer 'n groter bydrae tot grondwateraanvulling as dié een wat geen bos uithaal nie. Hy self het 'n styging van 6 tot 8 meter in ondergrondse water op sy grond beleef.

"Die indringerbosse word benut vir braaihout en die fyn gemorsbos brand ons uit. Die dooie tamboetbome gebruik ek vir die maak van dropers." Louis voeg by dat hy nie kole brand nie. "Te veel groter bome bly in die slag en nasorg word nie noodwendig gedoen nie. Op party houtskoolplase sien ek hoe die klein bosse ná uitdunning weer 'n digte muur vorm. Dis sonde!"



Die Fettweide-gras wat in die turfpanne groei, is duidelik gewilder as die ander meerjarige grasse rondom. Die werkers versamel van die saad, ook van ander gesogte spesies, sodat voedsame gras gevestig kan word.

'n Klompie hardekoelbome bied skulking in 'n ontboste kamp. Louis du Plessis reken 'n mens moet hierdie bome fyn dophou omdat hulle ook maklik kan vervuil.

Bosuitdunning 'n leefwyse

As 'n deelydse boer het hy eers bruikbare materiaal soos droppers en pale gekap van geoeste hout. In 2004 het hy vliegtuigbespuiting laat doen. Daarna is die bos met 'n klein stootskrapeer platgestoot en gebrand. Hy brand wanneer die wind stil is, so teen vyf- of sesuur namiddae. Brandstroke word platgestoot en skoongemaak sodat elke kamp 'n brandbuffer het. Die gemorsbos brand weg, maar die sekelbos ontplof dan. Dit verg herhaling oor jare totdat 'n kamp werklik bosvry is en die gras welig staan.

Die patroon vir elke kamp werk sô: Stootskrapeer, brand, bosdoder, kap, herhaal. Vir lande wat hy wil sny en baal, gebruik hy 'n omslagploeg wat die sekelbos sowat 30 cm diep uitsny. Dit ontbloot die wortels. Hier-na kom die beitelploeg in om bloubuffel of gemengde grassaad te plant. Die resultaat is oop savannas met groot tamboties, appelblare, witgatte en makalanipalms. "As jy weiding wil aanplant, moet die sekelbos uit. My doelwit is om jaarliks gras op 100 tot 150 ha te sny en te baal. As jy nie ruvoer wil aanplant nie, spuit jy net bosdoder. Agterna sal jy dit nog so twee of drie keer moet doen om die probleem vir eers op te los."

Twee brandseisoene is nodig vir suksesvolle bosuitdunning, afhange van hoe die reën geval het, meen Louis. "Hoe meer reën, hoe meer kan jy brand, want dan het jy genoeg weiding beskikbaar. Teen die tyd dat ek twee keer gebrand het, is die veld al goed oop. Dan moet bosdoder nog net die hardnekkige sekelbos pak gee."

Die koste van bosuitdunning tot by gras

Oor sy bedryf wat in net meer as 'n dekade aansienlik uitgebrei het, sê hy dit verg baie logistiek en bestuur. "Dankie tog vir Jan van der Merwe, 'n destydse kollega by die Tsumeb-munisipaliteit wat my help. Dis omtrent 'n operasie, maar ek het dit mos gekies, én dit is lekker!"

Afknyppgeld van sy salaris en sweiswerk in sy vrye tyd het hom in staat gestel om grond te bekom. Hy gebruik herwonne materiaal soos ou ploë se skoffeltande, gedraaide vere en skrapeerlemme om van hekke en beddens tot patiostelle, diefwering en kersstaanders vir die kerkbaas te sweis. Vir sy een dogter se troukoek is 'n staander uit gedraaide vere gemaak. Nog 'n handige man ook.



Louis du Plessis beduie hoe brandbuffers om elke kamp gestoot word vir die doeltreffende bestuur van beheerde brande vir nog beter weiding. Hy glo ná twee keer se brand is die kampe so te sê oop en word nasorg met die hand of met bosdoders gedoen, na gelang van die behoefte. "Bosuitdunning is nooit klaar nie. 'n Mens moet jou hand op elke nuwe loot hou. Ek monitor elke kamp en kap of dien bosdoder toe soos wat die behoefte bepaal."

plant, is sowat N\$3 000 per ha. Vir elke 1,5 ton gras per ha verdien Louis sowat N\$3 000 en so dek hy sy uitgawes. "Dit is vir my meer lonend om gras te sny en te verkoop as om dit in kilogram beesvleis om te sit."

Louis voeg by dat party boere in die ou dae eerder nog 'n plaas sou bykoop weens die bosprobleem, maar hy glo dit is beter om jou eie plaas tot sy maksimum potensiaal te ontwikkel. "Ek sal veel eerder my plaas verbeter om 1 bees op 6 ha te kan dra, jaarliks gras te baal en saaggrond te besproei. Dit is makliker om die 1 700 ha op 'n plaas soos Skakel te verbeter en te bestuur as om grond by te huur."

Hy waarsku verder dat 'n mens 'n skerp oog op die harde kole en rosyntjebosse moet hou, want waar hulle vatkans kry, verdig hulle. "Vandat ek begin ontbos het, het ek minder beesverliese weens mambas. Vroeër is tussen vyf en tien beeste jaarliks doodgebyt, maar omdat hul habitat nou versteur is, het hulle weggetrek."

Sy grasaanplantings doen hy met verskillende grasse se saad: bosluis, bloubuffel, borseltjie, vingerhoed of fynsaad-Kuruman, gemeng met bloubuffel. Die lekker, vreetbare Fettweide, wat natuurlik in die turfpanne opkom, oes die vroulike werkers per hand sodat ander panne gesaai kan word vir 'n hoër opbrengs. Hulle oes ook saad van ander goeie grasspesies. "Ons meng die saad, spuit dit met miërgif, droog en bewaar dit in sakke vir saaityd. 'n Mens moet die gesogte graspolle bevorder, want wanneer 'n stootskrapeer inkom, verloor jy polgras." In Louis se skuur staan 30 000 grasbale wat hy teen miere beskerm. Die kleiner miershope word platgestoot, maar die ander word gelos, want die jaarlikse amajova-oes is gesogte kos vir almal op die plaas.

Louis glo 'n mens moet op tien bene staan en woeker vir 'n inkomste uit elke been. "Ek doen iets van alles. Dit help. Ons kyk mos deesdae by inkomstetjies van N\$10 verby, maar daar is mos 'n spreekwoord wat sê vir 'n man wat 'n sent nie waardeer nie, is 'n miljoen niks werd nie."

Nog tyd vir tuinbou ook

Aanvanklik was dit 'n suksesvolle waatlemoenoes wat Louis lus gemaak het vir plant. Hy het toe op sy plaas Burnell drie klein verskuifbare spilpunte opgesit om elke 2,5 ha onder botterskorsies, beet en pampoen te bedien. Op Louis se plaas Skakel bedien sewe groter spilpunte gewasse soos mielies, aartappels, uie en swartwortels. Die swart leemgrond is plek-plek geneig tot turfpanne of kalkhoogtetjies. Die besproeiingsnorm hier is honderd kubieke water per uur uit twee boorgate 80 meter van mekaar en hulle beïnvloed mekaar glad nie.

Sy indrukwekkende skure op Skakel staan gepak van grasbale, aartappels en uie. Kort-kort lui die telefoon soos voornemende kopers uit die noorde nog voorraad wil aankoop. Vir almal is die antwoord: "Jammer, die groente-oes is uitverkoop, probeer volgende jaar weer." Een van Louis se kliënte het hom gesmeek om tog net nie op te hou produseer nie, want sy plaas is gerieflik naby Owamboland en die kleinhandelaars trek voordeel daaruit. Die grootste gros van sy aartappels en uie gaan Angola toe.

Die groentegeld is 'n handige inkomste. Vir veiligheid word die geld deurlopend inbetaal sodat kontant nie op die plaas gehou word nie. Met vandag se tegnologiese is dit maklik om 'n inbetaalstrokie deur te stuur vir die laai van aankope.

Klein begin word groot gewin

95

Die kommersiële beesboerdery

Brahman en Braunvieh word om die beurt gekruis. Louis konsentreer op hoofsaaklik osproduksie en bemark deur Meat Royal of verwerk self die vleis. Uit die staanspoor gebruik hy Feedmaster-produkte. In die najaar is dit Droëveldkonsentraat wat hy om die helfte met sout meng. As die jaar werklik moeilik is, voeg hy ureum by. In die groen tyd meng hy die P12-fosfaatprodukt om die helfte met sout. Omdat sy mielies vanjaar deur die fusariumswam getref is, gebruik hy die pitte nadat dit deeglik gesif is om sy slagbeeste lekker vet te maak. Hy het 'n stoor vol mieliepitte en nooi ander boere om te kom koop teen N\$2 per kg. Daar staan vyf ton wat met ander voer gemeng kan word. Hy meng 600 kg gesifte pitte met 400 kg onbesmette pitte en voeg twee sakke HPK 30 van Feedmaster by vir 'n afrondrantsoen. Die beeste kry dié voer vir twee tot drie maande en word dan geslag. Christo van Zyl, Feedmaster se tegniese adviseur in die noorde, voeg by dat sulke beeste nie kan teruggaan veld toe nie, want hul pense het die hoë styseliname gewoon geraak. Dit bemoeilik veselhantering. Die pitte kan ook met *chop* of oliekoek gemeng word.

Eksotiese wild

Louis se denke rondom sy swartwitpense, bastergemsbokke, lechwes en njalas was ook 'n lang plan. "Oor tien jaar sal ons weet, maar ek dink dit is steeds 'n goeie belegging, al



Louis du Plessis se Brahman- en Braunvieh-kruisings gedy op die oop grasvlaktes. Bemarking word plaaslik gedoen of die vleis word self in allerlei produkte verwerk.

die pryse. My vier wildkampe is 100 ha elk, lekker oop ontbos. Die plan is om die helfte van die kampe se gras te baal en verkoop. Die res los ek vir die wild. Die gesnyde gedeelte se gras is dan gestimuleer om weer uit te loop en so wen ek nog twee maande se groen weiding. Intussen het ek klein maroelaboompies wat grootgemaak word met die doel om hulle in groepies in die wildkampe te vestig – skaduwee vir die diere en kos vir die wild."

Die swartwitpense kry Feedmaster se wildkorrels in 14 oopgesnyde bakkiebuitebande. Elke dier, behalwe die klein kalwers, behoort 3% van hul liggaamsmassa te vreet. Die troppe bestaan uit die indrukwekkende bul met 'n

horinglengte van 46 duim en sy 11 verse met 5 kalwers. Nog 7 kalwers word teen Desember verwag. Vir horings van 45 duim en groter kan 'n inkomste van N\$60 000 tot N\$70 000 dollar verdien word.

Die eksotiese diere word gewoon gemaak aan die bakkie en mense. Sou dit nodig wees om die wild te verskuif na 'n ander kamp of 'n plaas, kan hulle uit die bakkie verdoof en opgelaai word. So word die koste van 'n helikopter vermy.

Die bastergemsbokke is tuis in 'n wildkamp langsaan. Die plan is om al die bulle na 'n groot wildkamp vir die jagmark uit te skuif. "n Mens moet 'n jagter 'n klompie bokke aanbied om uit te kies, so moet jy sy *mind vat*," meen Louis.

Sy som vir sy swartwitpense se kamp werk só: "As ek tien kalwers teen N\$35 000 elk verkoop en die gebaalde hooi op die 50 ha teen N\$150 000, kan ek N\$500 000 uit die 100 ha verdien. Die tyd sal leer. Ek maak die som kort, maar ons moet groot dink. Hoe gaan jy andersins 'n inkomste van 'n half miljoen uit 100 ha kry?"

Al val die wildpryse, sal hy steeds vleis en vreugde uit sy eksotiese wild kry. "Daar's niks so lekker soos kuier tussen die wild nie. Ek skakel af en geniet dit."

Die lechwes deel hul wildkamp met 'n jong koe-doebul en sy verse. Hulle sal eersdaags geskuif moet word sodat hul kamp ontbos kan word. Gewone spesies soos elande, waterbokke, sebras, bouwildebeeste en njalas is daar ook.



'n Statige bastergemsbokbul, bestem vir die jagtersmark.



Met sy eksotiese wild (swartwitpense, bastergemsbokke, lechwes en njalas) het Louis du Plessis 'n berekende risiko geloop wat hy hoop mettertyd vrugte sal afwerp. Intussen is hulle 'n bron van groot vreugde vir die Du Plessis-gesin.



Frans Makonde (links), wat toesien dat Feedmaster se Wildkorrels teen 3% van volwasse liggaamsmassa vir die eksotiese wild gevoer word – aanvullend tot veldkos vir 'n doeltreffende dieet om reproduksie te bevorder.

Arbeidsake loop vlot

Op die twee plase werk sowat 15 permanente werkers en in oestyd kom sowat 80 kontrakwerkers by. Louis se regterhand, Jan van der Merwe, woon op die plaas Skakel, waar hulle die groot landerye meestal self met implemente bewerk.

Hoe meer werk jy self doen, hoe goedkoper is dit, is Louis se leuse. Daarby glo hy aan goeie samewerking met sy werkers, want dit bepaal die produksiepeil en -tempo wat hy verwag. Hy stel billike, haalbare doelwitte en verwag dat dit so gedoen word. Elkeen van die pligte het hy al self gedoen en hy het begrip vir die aard daarvan.

Plaaswerkers werk bedags 8,5 ure en Saterdag in die voormiddag. Elke maandeinde kry hulle 'n naweek af. Hy volg 'n streng beleid van geen tabak, geen skuld en geen lugtyd. "Dit is vir my belangrik dat hulle leer om hul geld self te bestuur.

"Om gesond te wees en te kan werk, is 'n voorreg. 'n Mens moet dit net wil doen. Dawid Botha sê altyd geld lê op die grond; 'n mens moet net buk en dit optel. So moet ons elkeen ons geleentheid benut."

Hy het vasgebyt en vandag het hy nie een sent skuld nie.

"My beplanning is al hoekagedoen wanneer ek 05:00 soggens opstaan. Ons werk meestal almal saam aan een projek op 'n slag, want dan is die toesig en beheer beter. Ek kry 50% beter produksie as almal saamwerkeerderas om hieren daar 'n man of twee in drie verskillende rigtings te stuur."

Louis werk saam en sy leierskap is motiverend. "Geleentheid vir hands-on opleiding is volopen

met gesonde druk en 'n kompetisiegees gaan ons saam vorentoe. Dis hoekom ek glo ek in die kort tydjie so baie kon vermag," meen hy.

Wat lê nog voor?

Louis se slaghuys op Burnell was aanvanklik 'n Saterdag-joppie, soos hy dit noem. Vleisverwerking en waardetoevoeging word egter toenemend belangrik in die huidige moeilike ekonomiese tye, sê hy. Uitbreidings soos rookgeriewe en die maak van polonies en salami sal eersdaags sy huidige produkteeriks van biltong, droëwors, *chilli bites*, chilli-krumsels asook braaiwors, maalvleis en steak aanvul.

Hy gebruik kunsderms vir sy worsprodukte behalwe vir die braaiwors. Net goeie gehalte vleis word deur die *chilli bite*-masjien gesit. "Vir rumpsteak kry 'n mens miskien N\$140 per kg, maar as jy van dieselfde vleis *chilli bites* maak, kry jy N\$300 per kg. Ons dink te klein."

Sy slaghuys is al een maal vergroot en verbouings vir die rookkamer volg in die afsienbare toekoms. "Ek berei my voor vir uitgebreide vleisbemarking; dit is plan B as die beesbedryf nog meer agteruitgaan. Dan kan ek meer van my eie vet beste verwerken verkoop om bykomende waarde van tussen N\$70 en N\$85 per kg toe te voeg."

Louis gebruik nie vleisbalies soos dit die gebruik is nie. Hy het by die brouery swart draughtbalies gekoop en bo oopgesny. Die resultaat is 'n drom met twee handvatsels wat met vlek-vrye staal uitgevoer is en 'n inhoudsmaat van presies 50 kg vleis het. Dit maak die berekening van resepte makliker.



Dié vrolike lentepaadjie lei na twee sirkels in die tuin waarin die spore en name van mense en diere in sement verewig is. Daar is die name van die Du Plessis-gesin, eksotiese wildsbokke en sowaar ook dié van 'n veedier.

Meer van 'n nagmerrie is die rekenaar wat hy nog beter moet baarsaak. "Trekker ry is enige dag beter. Ek betaal vir hulp met die finansies en Laurika help met die administrasie."

Always In touch
Anywhere, Anytime

Farmers / Lodges are familiar with bad reception ...
We have the solution!
HCC's Cell Phone Repeater!

A very reliable product that has been sold for the last 8 years. Our solution is cost-effective, has no hidden costs and is easy to install and upgrade. Cell Phone Repeater boasts an excellent track record, is compatible with all cell phones, supports multiple phones and internet usage. We promise a 2 week money back guarantee if the unit does not work.

Prices as from October 2017:

AT800	N\$6 750 (incl VAT)
AT6200 3G	N\$9 500 (incl VAT)

HCC
Horizon Commercial Capital (Pty) Ltd

Unit 24, Hyper Motor City
Maxwell Street
Southern Industrial

Contact: Windhoek Office: 061 304 052
Gildo Slinger 081 453 6046 • gildo@netfin.info
John Rabie 081 127 8659 • john@netfin.info

NAMIBIA
NMI
MACHINE TOOLS cc

Authorised distributors for:

IR Ingersoll Rand Industrial Air Technology
MONTABERT Forcible Power - All
DOOSAN Portable Power - All
DETROIT AIR

ALSO SUPPLIERS OF: Air Fittings, Air Accessories, Air Pressure Switches and Air Gauges, etc.

SALES OF: Ingersoll Rand, Doosan and Detroit Air Compressors • Electrical Piston and Screw Compressors, Diesel Driven Compressors (Low to High Pressure) • Pneumatic Tools • Pneumatic Diaphragm Pumps • Pavement Breakers • Compressor Oils • Monabert Hammers

After Sales Services and Parts on all these Brands

PLUS: Air vessel testing (Ultra sonic & Pressure)

HIRE OF: Diesel Air Compressors & Pavement Breakers • Plate Compactors

Tel: +264 61 263305 • Fax: +264 61 263581 • e-mail: nmt@mweb.com.na
Visit us at 27 Newcastle Street Unit 2, Northern Industria, Windhoek



SKOU- EN PRESTASIE-PRODUKTE VIR KLEINVEE



Feedmaster
Your Quality Solution

Tel: +264 61 290 1300
Fax: +264 61 290 1313
info@feedmaster.com.na
www.feedmaster.com.na



Tyd vir asem skep ná terugslag

“Ek kom nou eers weer by ná ’n strawwe siekte van sewe jaar. Louis moes sonder my klaarkom, want ek was driekwart van die dag in die bed. Ek sê altyd hy het grys hare, maar nie lui hare nie,” sê Laurika van haar man.

Sy is vir ’n virussiekte behandel, maar dit blyk toe dat dit beroerte van die rugmurg was wat haar senuweestelsel aangetas het. Laurika moes haar boekhou-onderneming op Tsumeb prysgee en kom laaglê op die plaas. Tans ondergaan sy frekwensie-behandeling in die Kaap. Sy het ’n tweede kans en haar lewe teruggekry en is reeds soveel beter nadat sy begin regmaak het om te “groet”.

“Nou moet ek weer my plek vind,” vertel Laurika, ma van twee getroude dogters, Marónel, ’n prokureur op Tsumeb, wat saam met Brian Sowden en hul seun, Aiden (2) op die dorp woon, en Isabel, ’n adminis-



Die familieslagte van die Du Plessis's is saam opgeteken in die vorm van ’n fotohoekie in die eetkamer.

tratieve beampte by die myn op Tsumeb, wat saam met haar man, Zak Oosthuizen, en hul dogter, Zané (4) op Grootfontein woon. Die skoonseuns is soos eie seuns en gelukkig is die kleinkinders naby vir gereelde bederf deur ouma en oupa.

Watter veranderinge vind plaas in die grootpens of rumen van diere wat gevoer word?


Bulle en ramme word vir die mark voorberei deur die beste genetiese materiaal te selekteer en met aanvullende voeding te help om optimaal te ontwikkel en uit te groei.

Herkouers (bokke, skape en beeste) is aangepas om gras- en blaarweiding in vleis of proteïen om te skakel. Die werklike vertering van plantmateriaal in die grootpens of rumen word deur baie klein of mikro-organismes gedoen. Daar is verskillende groepe mikro-organismes wat elkeen ’n baie spesifieke funksie het. Elk van die mikrobies kom in spesifieke hoeveelhede voor wat bepaal word deur die dier se dieet – wei diere in die veld, word hulle gevoer en wat word die diere gevoer? Mikrobies is lewende organismes wat aantel of vermeerder na gelang van die dier se dieet. Onder veldtoestande is die grootste groep mikrobies in die grootpens die *grasverteeders*. Een van die ander groepe, die *energieverteeders*, het min werk solank diere in die veld loop omdat droë weiding relatief laag is in energie. Hulle raak egter baie belangrik en hul getalle vermeerder, maar sodra diere begin kragvoer of voerkorrels vreet, moet die mikrobies by die voer aanpas.

Eintlik is dit die mikrobies wat verantwoordelik is vir die vertering van voer hoog in energie, wat moet vermeerder om die nuwe voer te verteer. Indien hierdie spesifieke mikrobies se getalle te min is vir die hoeveelheid nuwe kragvoer, is vertering ondoeltreffend en gee dit aanleiding tot opblaas, maagwerk, suursens, diere wat kruppel raak en soms selfs vrektes.

Die kragvoer word aan die begin geleidelik vermeerder juis om die mikrobies kans te gee om te vermeerder soos wat die voer verhoog word om doeltreffende vertering sonder probleme te verseker. Die *energieverteeders* teel aan om volgens die hoeveelheid kragvoer aan te pas.

Sodra ’n dier kragvoer kry, word die grootpens



ook effe suurder juis sodat hierdie groep mikrobies wat kragvoer benut hul werk beter kan doen, en die *grasverteeders* word minder.

Hierdie veranderinge in die grootpens van diere wat gevoer word, is juis die rede waarom gevoerde bulle en ramme soms sukkel om op veldweiding aan te pas. Hoe droër die veld, hoe moeiliker die aanpassing.

Hierdie veranderinge van die mikrobe-populasie in die rumen duur selfs langer as 21 dae.

Riglyne vir aanpassing terug na veldtoestande (van kragvoer terug na net ruvoer):

- Hou diere naby die huis sodat hulle elke dag gesien en gevoer kan word.
- Ruvoer of genoeg gras in die kamp is belangrik.
- Voer diere daagliks minstens 1 kg Breker 12 of Vee-kos Afrondkorrels per ram vir die eerste 14 dae.
- Verminder voerkorrels na 500 g per ram per dag van dag 15 tot 30.
- Gaan voort met minstens ’n produksielek ná die eerste maand.
- Indien weiding min of baie swak is, gaan voort met 500 g Breker per ram per dag of Rumen Optimizer.

Let daarop om gevoerde diere te help sodat mikrobies kan aanpas by veldweiding deur kragvoer geleidelik te verminder totdat die rumen weer hoofsaaklik gras kan verteer.